



Graad 1

A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. Te laat beseft dat godsdiens 'n noodsaaklike deel van ons lewe is.
2. Te leer dat godsdiens nog altyd vir die Afrikaner belangrik was.

B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. Vier Bybelverse met teksverwysing ken en verstaan.
2. Drie Afrikaanse Godsdienstige liedjies aanleer en kan saamsing.
3. Na drie Bybelverhale luister en weet wat die toepassing daarvan in sy lewe is.
4. Saam met die span een van die verhale kan uitbeeld, mimiek of rolspeel.
5. Saam met die span uit die Bybel lees of na 'n voorlesing uit die Bybel luister.
6. By een geleentheid saam met sy span bid en 'n eenvoudige gebed aanleer.
7. 'n Bybelboekmerk maak.

C AANBIEDING

1. Gebruik moderne en nuwe vertalings van die Bybel om te lees. 'n Kinderbybel kan ook gebruik word. Maak dit vir die kind 'n ervaring deur van plakkate, prente, musiek en/of handwerk gebruik te maak.
2. Kies saam met die span bekende liedjies en leer dit oor 'n langer tydperk aan. Dit kan by verskillende geleenthede geoefen en gesing word. Gebruik ook bewegings en musiekinstrumente om die ervaring vir die kinders uit te bou en beter deelname te verseker.
3. Kies 'n verhaal wat pas in die kind se ervaringsveld. Byvoorbeeld die verhaal van die brode en vissies eerder as waar Dawid vir Saul op die harp speel. Die "les" van die verhaal moet ook deurgetrek word na die kind se lewe vandag. Wat beteken dit vandag vir my?
4. Vereiste 4-6. Dit kan tydens spanbyeenkomste of op 'n kamp gedoen word.
5. Vereiste 7. Maak dit vir 'n spesiale dag soos Moedersdag, Vadersdag of Hemelvaart en gee dit vir iemand spesiaal.